Vlieënde akker

KADAF! 'n Harde, skerp geluid weergalm deur die huis. Iets het die dak met 'n spoed getref. Adelie, wat op die grond by die lae tafel by die kaggel sit, kyk nie eens op nie. Sy is besig om 'n model se klere te ontwerp.

Dit kos baie konsentrasie om die perfekte kombinasie te vind.

Riley, haar Boston Terriër, lê onder die tafel en gaap lui. Nie eens hy skrik meer as die akkers op die dak neerreën nie.

Die reuse-akkerboom, wat koelte oor 'n deel van die huis en swembad gooi, laat kuiermense gewoonlik om twee redes na hulle asem snak:

1. DIT IS SO GROOT, OUD EN MOOI, DIT KON 'N TOWERBOOM GEWEES HET.
2. DIE AKKERS WAT SO ONVERWAGS DAARUIT VAL, KAN AAN IEMAND 'N KNOP OF TWEE OP DIE KOP BESORG.

Partykeer is dit so erg dat dit klink asof die huis aangeval word. Adelie hardloop soms uit om te kyk of daar nie dalk gate in die dak geslaan is nie. Daar het ook al akkers deur die skoorsteen tot binne in die huis geval. Van buite af lyk die boonste deel van hulle huis se skoorsteen vir haar soos 'n vliegtuig se stert. Wanneer haar pa die kaggel aansteek, lyk dit asof rookseine gestuur word.

'n Tweede gekletter trek deur die huis, gevolg deur 'n klein bruin voorwerp wat skielik voor Adelie verbyskiet. Sy skrik haar amper boeglam en spring agteruit. Papiere wapper deur die lug. Riley skiet ook uit sy lêplek en grom kwaai. Die hare op sy rug staan in 'n streep regop. Hy sluip poot vir poot nader aan die onbekende voorwerp. Sy plat neusie beweeg soos hy in die lug snuif.

Hy sug verlig en sy stomp stert draai in die rondte.

Dis net 'n akker.

Riley is nie 'n pratende hond nie. Dit is net dat Adelie sy gesigsuitdrukkings kan verstaan. Dit is byna asof sy Riley se gedagtes kan lees.

Sy sal nie vir enige iemand van haar en Riley se geheime band vertel nie.

Adelie weet so iets is moontlik, want sy sien dit gereeld in die superheldfilms.

Hulle is beste maatjies.

Adelie skud haar kop. "Daardie goed sal iemand nog 'n hartaanval gee."

"Jy klink net soos jou oupa," sê haar ma. "Met wie praat jy?"

Haar brein werk teen die spoed van wit lig. Sy kan nie vir haar ma sê dat sy en Riley 'n spesiale band het nie. "Sommer met myself. Ek het groot geskrik."

Haar ma kyk 'n oomblik agterdogtig na haar, trek dan haar skouers op. Sy sit die groot bak macaroni-en-kaas op die etenstafel, wat ook in die vertrek staan, neer. "Kom, ons eet."

Adelie maak vinnig haar papiere bymekaar en sit dit netjies op die lae tafeltjie neer. Riley, wat steeds na die akker op die grond kyk, kap soos 'n kat na dit met sy voorpoot. Hy tel die akker tussen sy tande op en drafstap na sy bed, wat langs die etenstafel staan. Hy draai eers 'n paar maal in die rondte voordat hy met 'n harde doef op sy bed neerval. Die akker kraak tussen sy tande. Riley kou so lekker daaraan dat sy bobbelogies stadig toegaan.